NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

# AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 2 APRIL 2023

# SESDE SONDAG VAN LYDENSTYD

# GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Groot Lydensweek***

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Jeremia 31:1-6; Handelinge 10:34-43 of Psalm 118:1-2, 14-24; Kolossense 3:1-4; Johannes 20:1-18 of Matteus 28:1-10**

| SONDAG, 2 APRIL | |
|---|---|
| | DAG VAN DANKSEGGING EN VEROOTMOEDIGING<br>PALMSONDAG |
| 09:00 | Oggenddiens – Ds Johan Morkel<br>Doop<br>Erediensspan 3 – Elsa Welman |
| **MAANDAG, 3 APRIL** | |
| 19:00 | GROOT LYDENSWEEK |
| **DINSDAG, 4 APRIL** | |
| 19:00 | GROOT LYDENSWEEK |
| **WOENSDAG, 5 APRIL** | |
| 09:30 | Othello Biduur |
| 19:00 | GROOT LYDENSWEEK |
| **DONDERDAG, 6 APRIL** | |
| 19:00 | GROOT LYDENSWEEK<br>Sopbeurte: Othello – Lida Visser |

| VRYDAG, 7 APRIL | |
|---|---|
| | GOEIE VRYDAG |
| 09:00 | EREDIENS – NAGMAAL<br>Erediensspanne 1,2,3 & 4 |
| **SATERDAG, 8 APRIL** | |
| | |
| **SONDAG, 9 APRIL** | |
| | PAASFEES |
| 07:00 | Sonopkomsdiens – Van Wykstraat langs rivier |
| 09:00 | OPSTANDINGSDIENS<br>Erediensspan 4 – Neels Kruger |

# GEMEENTENUUS



1. Ds Hannes se suster, Retha, is oorlede. Die troosdiens het Saterdag plaasgevind. Ons dra vir ds Hannes en sy gesin op in ons gebede in hierdie tyd van verlies.
2. Ingrid Maartens (Othello) is tans in die hospitaal. Sy het geval en haar heup gebreek.
3. Kallie Kaltwasser (Koistraat) is tans in Melomed Hospitaal. Dit gaan onder omstandighede goed met hom.
4. Estelle van der Westhuizen (Van Heerdenstraat) tree vandag met William Moore in die huwelik.

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Lizette Wilson is vanoggend ons orrelis.
2. *Nuus vanuit die Kerkraadsvergadering van 15 Maart 2023:*
   Die mediasentrum, met 'n groot verskeidenheid van geestelike boeke, CD's, DVD's en videos, is nou reeds vir 'n geruimte tyd onaktief.
   Dit is nou weer beskikbaar, maar ons benodig 'n lidmaat om dit te bestuur.
   **Enige vrywilliger kontak asb die kerkkantoor.**
3. Ds Chris bevestig vanoggend vir William Moore met Estelle van der Westhuizen in die huwelik.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

02/04 Johan Bestbier, Johan Bester, Lenn Fourie, Kallie Kaltwasser, Elmari Papenfus, Sarita van Rooyen
03/04 Fred Pfaff, Theo Boshoff, Naas Kruger, Marius Wethmar, Ameldri Burger
04/04 Martie Joubert(84), Jolandé Vorster, Annelien Boshoff, Clignet Bean
05/04 Dewald Britz, John Theron, Lodewiek Barnardo, Leon Immelman, Fatima Allie-Reid, Emma Marais
06/04 Luna Moggee
07/04 Fritz van Wyk (jnr), Pietie de Wit(87), Elmi Rossouw, Cherise Bronkhorst, Coen de Milander, Marlu Swanepoel, Reinette de Koker-Marais
08/04 Willie du Randt, Lorraine Butler(85)




# AKSIE SAMARITAAN

**Paasfees 2023**

Geloofsvriende, Baie dankie vir almal se ruim bydraes.
Ons kort nog die volgende items:

*60 koekies seep
*60 effekleur waslappe
*10 pakke "hot cross buns"
*1 blikkies karamel kondensm
*10 x 125g pakkies "speckled eggs"
*110 sjokolade melkies (steri stumpies)
*3 bokse (van 48 elk) "marshmallow" paaseiers
*4x6 pak 330ml coke of soortgelyk blikkies of botteltjies koeldrank



Kontak Jakkie by 0824533862 indien jy verkies om 'n kontant bydrae te maak en Aksie Samaritaan se bankbesonderhede benodig.

Dankie dat ons met vrymoedigheid mag vra. Mag God u ryklik seën!

# BASAAR – 3 JUNIE 2023

Ons het dikwels in die verlede gehoor hoedat die Here op vele vlakke in De Eike voorsien het. Ons kan getuig dat dit nou weer gebeur het in ons soeke na konvenors vir die verskillende "tafels" van die basaar. Ons wil graag die goeie nuus met die gemeente deel. Die volgende lidmate het hulself aangebied om konvenors te wees: Francois Cillié(Veiling), Erna Carstens(Groente), Estelle le Roux(Kindervermaak), Hein en Heidi Jonas(Boepensbroodjies) en Petro Thom(Kerrie en Rys). Ons het nou konvenors vir al ons tafels! Baie dankie weereens vir elkeen van bogenoemde persone dat jy die Here gehoorsaam het. Baie dankie ook aan die res van die konvenors wat elke jaar bereid is om jul "tafel" te neem! Ons is die Here innig dankbaar. Hy het weereens bewys Hy is die getroue God op wie ons kan vertrou!

Johan Morkel
083 398 8345

# TWEEDEHANDSE BOEKE



Sal almal wat gedurende die afgelope jaar boeke by die kerk se biblioteek uitgeneem het, dit asb by die kerkkantoor kom afgee. Enige ander boeke of tydskrifte wat ons ook tydens die basaar kan verkoop, sal welkom wees.

Baie dankie

Sarie de Milander

084 209 7844

# MATERIAAL



Ek maak laslap kwilts en benodig baie lappies van polikatoen en katoen materiaal. Enige grootte tot so klein as 10 x 10cm asb.

Gee dit asb by die kerkkantoor af of kontak my.

Baie dankie

Christine Myburgh
0828244421

# KOSMANDJIE

**DIE KOSMANDJIE** - projek van die Getuienisaksie

Moeder Theresa het gesê: *Dis nie 'n Christen se plig om jammer te wees vir iemand in nood nie, maar <u>om te help, wel.</u>* Sy het ook gesê: *Ek kan nie alles doen nie, maar <u>ek kan iets doen.</u>*

**Wat nou nodig is:**
*Tee*
*Melk/Cremora (250g-pakkies)*
*Soppoeiers*
*Soya*
*Tuna*
*Konfyt*

**Baie dankie** dat jy so getrou help en iets doen om iemand se nood te verlig!

*Groetnis*

# LYDENSTYD EN PAASFEES

## DE EIKE

## GROOT LYDENSWEEK



**03-06 April 2023**

Ons is saam op weg wanneer ons deur voorlesings en gebed tot 'n dieper betekenis kom van wat Jesus in daardie laaste dae moes beleef. Namens ons moes Hy die reis aanpak na Golgota. Kom ontdek saam met ons, tree vir tree, die wonder van God se liefde en genade.

| | |
|---|---|
| Maandag: | 19:00-19:30 |
| Dinsdag: | 19:00-19:30 |
| Woensdag: | 19:00-19:30 |
| Donderdag: | 19:00-19:30 |

**IN ONS KERKGEBOU**

## PAASNAWEEK-PROGRAM

| | |
|---|---|
| **GOEIE VRYDAG :** | **09:00 (Nagmaal)** |
| **SONOPKOMSDIENS:** | **07:00 (Afhangende van die weer)**<br>**In Van Wykstraat - Langs die Bottelaryrivier** |
| **OPSTANDINGSDIENS:** | **09:00 (Bring blomme saam na die erediens)** |

# PREEKSKETS

**TEMA – IN U HANDE GEE EK MY LEWE OOR.**



Prediker: Ds Johan Morkel

Skriflesing: Psalm 31

Inleiding: Verbeel jou jy sit in 'n eksamenlokaal en moet 'n opstel skryf. Vir Dawid was dit geen probleem nie.

1. Dawid skryf eers oor die erge nood waarin hy was. Daarna skryf hy oor hoedat hy na die Here geroep het om uitkoms.

1.1. Dit is nie verkeerd om die Here in nood aan te roep nie. In werklikheid is dit 'n erkenning van jou afhanklikheid van die Here.

1.2. Dit sou nie reg wees as ons slegs as ons in nood is, na God hardloop nie.

2. Dit is in Psalm 31 duidelik dat gebed 'n integrale deel van Dawid se geloofslewe was.

2.1. Gebed is 'n deel van die gelowige se gebedsmondering.

2.2. Is dit van jou waar? Is jou lewe, soos iemand dit stel, "soaked with prayer?" - deurdrenk in gebed?

3. Wat is die motief of die gronde van ons gebede? Dawid skryf in v.2 "ter wille van U naam sal U voorgaan en my lei" Dit gaan vir Dawid om die eer van God.

3.1. Dikwels gaan dit - ook in ons gebede - om onsself. Ons bid vir uitkoms, maar ten diepste is ons motief onsself, eie belang.

3.2. Ook in ons gebede behoort dit ten diepste om die koninkryk van God te gaan.

4. Ps.31:6(In u hande gee ek my lewe oor) is as kort aandgebed voorgeskryf. Kinders moes dit bid voordat hulle gaan slaap.

4.1. Mag die woorde "in u hande gee ek my lewe oor" elkeen van ons se gebed wees. Mag dit ook die gebed wees wat ons as verbondsouers vir ons kinders bid.